LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

14-08-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 27 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **VRIENDELIKE VERSOEK:**

Ouers word dringend dog vriendelik versoek om, indien u 'n afspraak met 'n betrokke personeellid wil maak, dit na skoolure te doen. Geen ouer sal toegelaat word om 'n personeellid in onderrigtyd te spreek nie. Dit is nie regverdig teenoor die leerders in die klas nie.

2 **SKOOLREKENINGE:**

Elke oudste en enigste leerder in ons skool sal vandag 'n rekening (per gesin) ontvang. Enige navrae kan gerig word aan Mev Chrisna Meyer en Mev Chrissie Maré.

3 **VARKFEES:**

- **PERSONEELKONSERT 2017:**
  Kaartjies is by die kantoor beskikbaar @ R50 per sitplek. Personeelkonsert sal op 29, 30 & 31 Augustus vanaf 18:30 tot ± 20:00 wees.
- **MUSIEKPRET 2017:**
  Ons jaarlikse musiekpret vind plaas op Maandag, 28 Augustus om 19:00 in die skoolsaal. Daar is nog tafels (10 persone) beskikbaar teen R75 per persoon. Indien u 'n gasvrou sou wou wees vir 'n tafel van 10, kontak asb vir Juf Ronelle Terblanche by 0834152116.
- **HEKDIENS:**
  Ons maak vanjaar weer staat op ons ouers se samewerking en hulp. Voltooi asb die hekdiensrooster en stuur vir ons terug skooltoe.
- **NAWEEKKAARTJIES:**
  Die volgende aanbod geld slegs vir Laer Volkskool ouers en hul kinders tot Vrydag, 25 Augustus: Naweekkaartjies is beskikbaar: Volwassenes @ R150 en skoolgaande Leerders @ R100.

- **"SKYDIVERS":**
  Koop jou merker en staan 'n kans om 'n prys te wen. Leerders ontvang elkeen 'n lys om merker-kaartjies te verkoop teen R20. **Alle lyste** moet teen 28 Augustus terug wees om in aanmerking te kom. Leerders sal 30 Augustus hul merkers ontvang wat op Saterdag, 2 September geplaas moet word vanaf 15:30. *Leerders wat meeste merkers verkoop ontvang as 1ste prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies + R500 kontant; 2de prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies + R300 kontant; 3de prys = 2 Volwassenes- + 2 Kinderkaartjies. Ouers ontvang 1ste prys = Tandem Valskermsprong vir 2 persone van R3500; 2de prys = Geskenkbewys van R2000; 3de prys = Geskenkbewys van R1500.*

4 **KOOR**:

HORIZONS KONSERT:

Horizons is 'n interaktiewe koor/sang konsert, gevul met geestelike en sekulêre wenke. Konsert vind plaas op 10 September om 15:00 in die Klipkerk teen R100 per kaartjie. Indien iemand belangstel skakel asb vir Lanie Coetzer vir kaartjie bespreking. Kaartjies sal ook by die deure beskikbaar wees.

KORE:

- Die Juniorkoor oefen Maandae vanaf 14:00 tot 14:45.
- Die Junior- en Seniorkoor program vir 3de kwartaal:

Wo	16 Aug	14:00 - 15:45	Snr koor	Oefening
Do	17 Aug	14:00 (meld aan om 13:15)	Jnr en Snr koor	Heidelberg Eisteddfod
Wo	23 Aug	14:00 - 15:45	Snr koor	Oefening
Wo	30 Aug	Geen oefening	Jnr en Snr koor	-
Wo	6 Sept	Geen oefening - toetsreeks	Snr koor	-
Wo	13 Sept	Geen oefening - toetsreeks	Snr koor	-
Wo	20 Sept	14:00 - 15:00	Snr koor	Oefening
Wo	27 Sept	Geen oefening	Jnr en Snr koor	-
Don	26 Okt	Kultuurkonsert	Jnr en Snr koor	Gekombineer met koorafsluiting

5 **LANDLOOP**:

Oefening - Maandae tot Woensdag vanaf 16:00 tot 17:00 by Hoërskoolbane.
Vrydag, 18 Augustus vind die landloop plaas by Hoërskool Dr Malan te Meyerton. Tye is dieselfde.

6 **EISTEDDFODS:**

Alle Eisteddfod tye is uitgegee, indien daar enige navrae is oor tye wat kort vra asb by Juf Helanie of Juf Lizelle.

HEIDELBERG:

Die Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 7-21 Augustus by Heidelberg Public School. Alle Heidelberg Eisteddfod uitslae en bewyse van bv drama-, musiekstukke, ens. moet ingehandig word op Vrydag, 25 Augustus by Juf Helanie en Juf Lizelle. Geen laat uitslae word aanvaar nie.

SUIKERBOSRAND:

Die 2de deel van die Suikerbosrand Eisteddfod vind plaas vanaf 11-15 September, vokaal

en musiek: 18, 19, 20 September. Dit sluit die volgende afdelings in: Drama (11-15 Sept te TPA Saal); Kuns; Vokaal (sang) & Instrumentaal (18-20 Sept te Laer Volkskool). Leerders wat belangstel kon reeds van Vrydag af inskrywingsvorms kom afhaal. Inskrywingsvorms is beskikbaar by Juf Lizelle (Gr R-3) of by Juf Helanie (Gr 4-7). Inskrywings kos R35 per inskrywing (individueel). Vorms met die korrekte kontant aangeheg word by Juf Lizelle (Gr R-3) en Juf Helanie self ingehandig sodat ons die korrekte Afdeling en Itemnr kan invul. ***Geen gelde moet asb deur EFT oorbetaal word nie.*** Let op dat die inskrywings Vrydag, 18 Augustus sluit, handig in voor 13:00 (word 13:00 afgehaal). Geen laat inskrywings word aanvaar nie. Kunsstukke word ingehandig op Vrydag, 15 September. Tema: Bome. Formuleer ook 'n naam vir jou eie kunswerk.

7 **SPREEKKOOR**:

Ons neem deel op Donderdag, 17 Augustus om 14:00 by Heidelberg Public. Baie belangrike oefening is op Maandag vanaf 13:00 tot 13:30 in Juf Monica se klas. Verdere inligting sal deur gegee word.

8 **HOKKIE**:

- Baie dankie vir die wat reeds hul hokkie rokkies betaal het. Koste beloop R250 - betaal asb so gou as moontlik jou gelde in by Juf Danéll of by Mev Chrisna Meyer.
- Daar is nuwe beffies aangekoop vir ons twee spanne en ons versoek vriendelik dat elke dogter vir ons R35 donasie sal inbetaal.
- Onthou asb: Ons oefen Donderdag, 17 Augustus vanaf 15:00 tot 17:00 op die hoërskool se velde.

9 **MINI-HOKKIE:**

Wedstryddatums is soos volg - almal by Arconpark en dit begin 14:00.

Donderdag, 24 Augustus	Donderdag, 31 Augustus	Donderdag, 7 September

10 **MINI-KRIEKET:**

- Indien daar enige pappa's is wat vir Mnr Jaco wil help by die mini-krieket, kan asb die skool kontak vir u naam en kontaknommer.
- Oefening sal op Maandae en Woensdae wees vanaf 14:00 tot 15:00 by die skool se velde. Sorg asb vir 'n hoed en water.
- Ons neem Saterdag, 19 Augustus deel aan die Mini-krieket toernooi by Handhawer, inligting sal deurgegee word.

11 **KRIEKET**:

Wedstryde begin om 14:00.

SPANNE	WANNEER - DATUM	WAAR
1ste	15 Aug	Tuis - Unievelde teen Republiek
2de	15 Aug	Weg - Republiek
0/11A	17 Aug	Weg - Republiek
0/11B	Loslootjie	
0/11C	17 Aug	Weg - Laerskool Balfour

12 **SKAAK**:

- 19 Augustus - Volkie Ope te Laer Volkskool Heidelberg: Onthou asb dat die inskrywings vir bogenoemde, Woensdag, 16 Augustus om 20:00 sluit. Registrasie open om 07:00 in die skoolsaal. Sterkte aan elke speler wat gaan deelneem!
- 8 September - Gauteng Skole skaak - Inligting sal deurgegee word

13 **PROJEK VIR BEHOEFTIGES:**

Baie, baie dankie vir elkeen wat hierdie projek ondersteun het. Dit word regtig baie waardeer.

14 **STUDIEMETODE-KLASSE:**

Die studiemetode-klasse is die kwartaal vir Graad 5 leerders. Dit vind plaas op Woensdag, 16 Augustus en Woensdag 23 Augustus vanaf 16:00 - 17:00. Bring asb die volgende saam: Gekleurde penne, "highlighters", opsom-boek. Altwee klasse is belangrik om by te woon aangesien dit op mekaar volg. Klasse vind plaas in Juf Sanet se klas.

15 **ATLETIEK - 4DE KWARTAAL 2017 EN 1STE KWARTAAL 2018:**

Ons is dringend opsoek na ouerhulp vir afrigting in die 4de kwartaal 2017 en ook vir die 1ste kwartaal 2018 vir baan- en velditems. Kontak asb vir Mnr Tewis v/d Westhuizen by 0769050672.

16 **ATLETIEKOEFENING VIR GRAAD 4-7 LEERDERS:**

Atletiekoefening sal Maandae tot Donderdae vanaf 14:30 - 15:30 by Hoër Volkskool se atletiekbane wees vir al die Graad 4-7 leerders wat belangstel. Kostes - R200 per leerder per maand. Vir verdere navrae kontak vir Juf Arina Breytenbach 0798759574.

17 **BEKRONINGSAAND**:

Volgens ons bekroningsbeleid kan leerders in aanmerking kom vir buite-skoolverband prestasies. Leerders wat op Nasionale vlak presteer het (m.a.w 'n rostrumplek), kan in aanmerking kom vir 'n spesiale vermelding by die bekroningsaand.
Ouers moet egter aansoek doen met die nodige bewyse, wat dan hanteer sal word deur 'n komitee saamgestel deur Dr Dirk Verwoerd, Juf Sanet en Juf Driena.
Rig u aansoek asb direk aan Juf Driena Spykerman voor 20 Oktober 2017.

18 **KLUB1903:**

Al ons ouers word genooi vir 'n braai by Klub1903 op Vrydag, 18 Augustus vanaf 17:00. Beplan julle dinge en bring elkeen sy eie piekniekmandjie met eetgerei, drinkgoed en vleis saam. U is welkom om nog ouers ook saam te nooi. Daar sal vure, pap en sous wees. Kom kuier lekker saam. Vir enige verdere inligting kontak Dr Schalk Potgieter by drsjpotgieter@yahoo.com

19 **GRETHA WIID:**

Tema: 10 Dinge wat jy van jou kind moet weet. Aangebied op 16 Augustus om 18:00 vir 18:30 in Hoër Volkskool se skoolsaal. Gratis vir alle ouers - GEEN KINDERS NIE. CD's en boeke te koop na die tyd.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF